SKOOLDRAG

SOMERSKOOLDRAG: SEUNS

Wit, kortmou, oopslaankraag skoolhemp (met vasstryktipe skoolwapen op die sak) by ‘n grys, skoolkortbroek of -langbroek. Gr. 4-7 dra swart, toeryg skoolskoene by lang, grys skoolsokkies. Gr. 1-3 mag kaalvoet skool toe kom.

SOMERSKOOLDRAG: DOGTERS

Wit, kortmou, oopslaankraag skoolhemp (met vasstryktipe skoolwapen op die sak) by ‘n donkerblou, A-lyn skoolromp met 3 bane voor en ‘n rek agter. Gr. 4 -7 dra swart, toeryg skoolskoene of leerskoene met ‘n gespe by kort, wit sokkies wat omgeslaan word. Gr. 1-3 mag in die somer kaalvoet skool toe kom.

NB: Geen Gr. 1 – 3 leerders mag tekkies dra saam met die somerskooldrag nie. Slegs swart skoolskoene soos voorgeskryf is toelaatbaar by somerskooldrag.

OP EVERGYMDAE:

Skooldrag OF Evergymklere. Gr. 4-7: oorheersend wit tekkies met wit sokkies wat omgeslaan word, is verpligtend vir seuns en dogters. Gr.1-3: mag kaalvoet skool toe kom. Op koue dae mag die skoolsweetpak bo-oor die Evergymklere gedra word, by **oorwegend wit tekkies**.

WINTERSKOOLDRAG: SEUNS

Gr.4-7: Wit, langmou skoolhemp (sonder wapen), 'n skooldas en 'n grys skoolkortbroek of skoollangbroek by 'n skooltrui (met geborduurde skoolwapen), skooloortrektrui (met geborduurde skoolwapen) of die baadjie van die skoolsweetpak, of 'n skoolreënbaadjie. Seuns dra swart, toeryg skoolskoene by lang, grys skoolsokkies.

Gr.1-3: Op nie-Evergymdae kan leerders aantrek soos hierbo, of 'n sweetpak bo-oor 'n wit, langmou skoolhemp en skooldas, by **oorwegend wit tekkies**.

WINTERSKOOLDRAG: DOGTERS

Gr. 4 - 7: Wit, langmou skoolhemp, 'n skooldas en 'n donkerblou A-lyn skoolromp met 3 bane voor en rek agter, of 'n donkerblou skoollangbroek by 'n donkerblou trui (met skoolwapen), skooloortrektrui (met geborduurde skoolwapen), of die baadjie van die skoolsweetpak of 'n skoolreënbaadjie. Dogters dra swart, toeryg skoolskoene of leer skoolskoene met 'n gespe, asook donkerblou broekiekouse (gebrei of lycra).

Gr. 1 - 3: Op nie-Evergymdae kan leerders aantrek soos hierbo, of 'n sweetpak bo-oor 'n wit, langmou skoolhemp en skooldas, met **oorwegend wit tekkies.**

OP EVERGYMDAE:

Skooldrag OF Evergymklere met skoolsweetpak en oorwegend wit tekkies.

LET WEL: Gr. 7-leerders mag die Gr. 7-baadjie dra.

Gr. 1 – 3 leerders mag slegs die langmou Evergymhemp dra saam met die volledige sweetpak, nie as plaasvervanger vir die sweetpakbaadjie nie.

HARE EN BYKOMSTIGHEDE

Sodra ‘n dogter se hare aan haar kraag raak, moet dit vasgemaak word met ‘n wit of donkerblou (navy) rekkie en wit of donkerblou lint of “scrunchy”. Hare moet netjies weggesteek word met wit, donkerblou of metaalkleurige knippies. ‘n Smal, eenvoudige donkerblou, wit of swart “Alice band” mag gedra word. Hare mag nie gekleur word nie. Geen “gel” word toegelaat nie.

Seuns se hare moet netjies geknip wees, sodat nie aan die ore of kraag raak nie. Hulle mag nie hulle hare kleur nie. **GEEN “GEL” WORD TOEGELAAT NIE**.

Dogters se juweliersware is beperk tot een oorring per oor. Slegs klein goue/silwer ringetjies of “studs” word toegelaat. Seuns mag geen juweliersware dra nie.

SPORTDRAG

RUGBY
- Skoolrugbytrui, gebruik deur alle grade, sal verskaf word deur afrigter op wedstryddag.
- Donkerblou, katoen rugbybroekie (by enige verskaffer).
- Kaalvoet.

NETBAL
- Sportromp, wat op bestelling deur die Everjas aangekoop word. (Sien ook hokkie en tennis).
- Moulose, wit en navy sporthemp.
- Kort, wit sokkies en sportskoene.

HOKKIE
- Donkerblou Evergymbroekie (0/7 – 0/10).
- Dogters speel in sportromp (soos vir netbal en tennis) met moulose, wit en navy sporthemp, donkerblou sokkies en sportskoene (vanaf 0/11).
- Seuns speel in wit sporthemp, donkerblou Evergymbroekie, donkerblou sokkies en sportskoene.

TENNIS
- Dogters speel in ‘n sportromp (soos vir hokkie en netbal), moulose, wit en navy sporthemp, wit sportsokkies en sportskoene.
- Seuns speel in wit gholf sporthemp, donkerblou Evergymbroekie, wit sportsokkies en sportskoene.

KRIEKET
- Wit gholf sporthemp.
- Donkerblou Evergymbroekie.
- Donkerblou rugbysokkies en sportskoene.
- Blou Everpet (opsioneel).

SWEM
- Donkerblou eenstuk Speedo swembroek vir dogters.
- Donkerblou Speedo-styl swembroek vir seuns of Evergymbroekie.
- Rooi Eversdal swempet.
- Seuns: die swemspan swem in donkerblou Speedo’s.
- Wit gholf sporthemp (vir Gala’s).

ATLETIEK
- Donkerblou Everhuishempies.
- Donkerblou Evergymbroekie.
- Die atletiekspan neem deel in die rooi atletiekfrokkie en ‘n donkerblou Evergymbroekie.

LANDLOOP

- Tydens formele kompetisies: soos vir atletiek.
- Vrydagbyeenkomste: Evergymklere.

MINI-NETBAL

Gr. 1-3: Evergymbroekie en moulose, wit en navy sporthemp, wit sportsokkies en sportskoene

MINI-KRIEKET

- 0/7 -0/9: Evergymbroekie en wit golf sporthemp, kaalvoet.

Verwey (rooi), Eksteen (geel) en Tulbagh (wit)

Langmou Evergymhemde mag slegs onder sweetpakbaadjie gedra word.

RUGBY

KRIEKET

HOKKIE

TENNIS

ATHLETICS

CROSS-COUNTRY

CHESS

NETBAL

SWEM

VERSKAFFERS:

Die volgende items sal slegs via die EVERJAS verskaf word (uit voorraad of op bestelling).

- Skoolwapen.
- Skooltas.
- Wit gholf sporthemp.
- Moulose, wit en navy sporthemp.
- A-lyn skoolromp
- Sportromp
- Huishemde vir Evergym en atletiek.
- Rooi swempet.
- Sweetpakke.
- Reënbaadjies.
- Skooltrui met geborduurde skoolwapen.
- Navy skoolbroekie vir dogters.
- “Second skin” broekies vir dogters.
- Gr.7-baadjie.

e-pos: everjas@eversdal.org.za

MNR. JACQUES ODENDAAL
BEHEERLIGGAAM: VOORSITTER
ELEKTRONIES GETEKEN: 2018

MNR H. ARANGIES
LAERSKOOL EVERSDAL: SKOOLHOOF